

## 1 ~ INLEIDING

### 1.1

#### **'n Samevattende voorstelling van die *Kindheidsevangelie van Tomas***

Die *Kindheidsevangelie van Tomas (KindEvTom)* begin met Jesus wat as vyfjarige in Nasaret sy goddelike mag gebruik om vuil reënwater te suiwer. Hy skep dan voëls uit klei en maak hulle lewendig met die opdrag “weg, vlieg soos lewendes”.<sup>1</sup> Wanneer 'n ander seun, die seun van die hoëpriester Annas, die water omroer wat Jesus gesuiwer het, vervloek Jesus die seun en sy arm verskrompel dadelik. 'n Soortgelyke lot sou enigiemand anders tref wat dit sou waag om Jesus kwaad te maak. 'n Seun wat per ongeluk teen Jesus se arm gestamp het, val dood neer en wanneer die inwoners van die dorpie by sy pa Josef daarvoor kla, word hulle blind. Selfs Josef word sagkens gemaan, “Dit is vir u genoeg om my te soek en my nie te vind nie ...!” Wanneer 'n leermeester Saggeus, probeer om Jesus 'n mate van respek aan te leer, word hy deur Jesus se meerdere kennis beskaam. Hy probeer om sy eer terug te wen deur Jesus in die openbaar as “iets groots” aan te prys. Dit geval Jesus en hy verander sy houding. Jesus begin sy magte tot voordeel van sy bure gebruik en maak 'n jong man met 'n noodlottige wond gesond. As sesjarige gebruik hy slegs sy lyfrok om vir sy ma water te gaan haal. As agtjarige saai hy 'n maat graan en maai 'n wonderoes. Wanneer sy skrynwerker vader 'n bed vir 'n ryk man maak, verleng hy 'n stuk hout sodat dit dieselfde lengte as die ander plank is. Josef, wat ag slaan op die kind se wysheid, neem hom na 'n tweede leermeester toe. Jesus verseg egter om die alfabet op te sê. Wanneer sy leermeester hom oor die kop slaan, vervloek Jesus hom en hy sak inmekaar. 'n Derde onderwyser probeer hard om die seun te leer, maar Jesus lê die Tora uit aan almal teenwoordig. Soos Saggeus, erken hierdie onderwyser dat Jesus geen opleiding nodig het nie en Jesus gaan voort met sy heroïese dade. Hy red sy broer Jakobus van 'n slangbyt en wek beide 'n baba en huisbouer uit die dood uit op. Die *KindEvTom* eindig met die storie uit die Evangelie van Lukas dat Jesus as twaalfjarige die tempel in Jerusalem besoek. Waar Lukas skryf dat Jesus na die leermeesters luister en vrae vra, vertel die *KindEvTom* dat hy ook die Tora en die gelykenisse uitlê en verduidelik.

---

<sup>1</sup> Die aangehaalde frases in Afrikaans uit die *KindEvTom* in hierdie studie is die skrywer se vertaling van die oorspronklike Grieks, tensy anders vermeld.

## 1.2

### Vraagstelling

Die vraagstelling van die ondersoek moet verstaan word teen die agtergrond van bestaande navorsing en geïdentifiseerde leemtes in hierdie navorsing. In sy polemiese werk oor die *Nuwe-Testamentiese Apokriewe*, beskryf Jacques Hervieux (1960:106) die *Kindheidsevangelie van Tomas (=KindEvTom)* as 'n versameling verhale, geheel en al buite die grense van logiese denke, waarin die kind Jesus die held van belaglike en gemene poetse word. Dan voeg hy by, soos 'n eggo van die woorde van soveel eksegete voor hom: “dit is nie die beeld van Christus wat die geïnspireerde Evangelie ons gee nie” (Hervieux 1960:112; my vertaling).<sup>2</sup> Hervieux se sentiment, so deel van die agtiende- en negentiende-eeuse houding jeens apokriewe literatuur (bv Pfeiffer 1964:123; Foster 1969:113), blyk 'n sterker houvas te hê op die *KindEvTom* as enige ander nie-kanonieke teks. Volgens Keith Elliott (1993:68) handel die *KindEvTom* se Jesus “selde op 'n Christelike wyse”. Fred Lapham (2003:130) sê in sy boek, *An introduction to the New Testament apocrypha*: “It would be impossible to appreciate this [“its” = die *KindEvTom* se] strange composition without first becoming aware of its underlying Gnosticism.”

Ronald Hock (1995) se Griekse uitgawe,<sup>3</sup> vertaling, en kommentaar en Tony Chartrand-Burke (2001)<sup>4</sup> se analise van die *KindEvTom* se teks, oorsprong, en oorlewering het die rigting van die denke oor die *KindEvTom* verander. Tekskrities gesien verteenwoordig hierdie werke nie alleen 'n besliste verbetering teenoor talle vorige reproduksies van die Griekse teks nie, maar vorm ook tot op hede die hoogtepunt van die wetenskaplike studie van die *KindEvTom* (kyk manuskripte- en vertalingsgeskiedenis in hoofstuk 2). Beide Hock en Chartrand-Burke ontken

---

<sup>2</sup> “[A] selection of tales altogether beyond the bounds of common sense, in which the Child Jesus becomes the hero of ridiculous and shabby pranks .... that is not the picture of Christ which the inspired Gospel gives us” (Hervieux 1960:106, 112).

<sup>3</sup> Hock (1995:101) neem ongelukkig nie die resultate van die tekskritiese werk van Sever Voicu (1997) en Jacques Noret (1972:412) in ag nie (kyk Chartrand-Burke 2001).

<sup>4</sup> Tony Chartrand-Burke het haar 2001 ongepubliseerde werk elektronies aan die skrywer van hierdie studie voorsien. Verwysings na bladsynommers in hierdie werk is as gevolg van die elektroniese formaat nie moontlik nie. Waar daar na voetnotas in haar werk verwys word, word die titel van die hoofstuk in haar ongepubliseerde werk bygevoeg ter wille van duideliker identifisering.

raakpunte met die Nag Hammadiese *Evangelie van Tomas* en Gnostiek<sup>5</sup> (kyk plek, tyd en doel van skrywe in hoofstuk 4) en verkies eerder vergelykings met antieke biografiese literatuur.

Hock (1995:96) verduidelik die heroïese daade van die kind Jesus in die *KindEvTom* asof hy 'n volwassene is, deur te sê dat die lesers van antieke biografieë nie sou verwag om persoonlikheidsontwikkeling by 'n karakter waar te neem nie, aangesien “karakter veronderstel was om reeds by geboorte vasgelê te wees.”

Volgens Chartrand-Burke (2001) glo die skrywer van die *KindEvTom* dat “sy jong Jesus konsistent is met die Jesus en die apostels van die Nuwe Testament. Hy [Jesus] is grootmensagtig en wys, nie omdat hy nie regtig mens is nie – nóg Gnostiese verlosser nóg god-kind – maar omdat hierdie dinge hom, in die oë van die skrywer en gehoor, mens maak.”<sup>6</sup>

Hierdie studie fokus, wat die doel van skrywe betref, op die vraagstuk waarom die outeur van die *KindEvTom* die wonderwerke van Jesus in 'n positiewe en negatiewe lig beskryf as synde hy 'n volwassene sou wees. In hoofstuk 4 sal aangetoon word dat hierdie probleem in die verlede benader is vanuit óf 'n “Christologie van bo” perspektief (bv deur Currie 1993 na aanleiding van die oorheersende perspektief in die vroeë ortodokse Christendom) óf 'n “Christologie van onder” perspektief (byvoorbeeld deur Cullmann [1963] 1991 na aanleiding van 'n histories-kritiese en godsdiens-historiese ondersoek as gevolg van die invloed van die *Aufklärung*). Hierdie studie ondersoek dieselfde vraagstuk, maar probeer om anakronisme te vermy deur die vraag vanuit 'n “Christologie van die kant” te ondersoek.

Die onderskeidings tussen 'n Christologie “van bo”, 'n Christologie “van onder” en 'n Christologie “van die kant” af kan soos volg verduidelik word (kyk Malina & Neyrey 1988:x-xi): Sedert die vierde eeu nC het daar 'n Grieks-filosofiese en Romeins-juridiese beeld van Jesus ontwikkel wat bekend geword het as klassieke *ontologiese Christologie* ('n Christologie “van bo”). Vanuit hierdie sisteem is 'n

---

<sup>5</sup> Kyk byvoorbeeld Currie (1993:207) wat die *KindEvTom* slegs sien as 'n tuig vir dosetisme en klem op Jesus se “intellek” in die tempelstorie, 'n variante lesing van dié in Lukas, as “bewys van Christus se vroegrypheid, maar niks meer nie.”

<sup>6</sup> “[The author of IGT] “believes his young Jesus is consistent with the Jesus, and the apostles, of the NT. He [Jesus] is mature and wise not because he is not really human – neither Gnostic redeemer nor god-child – but because in the eyes of the text’s author and audience, these things make him human” (Chartrand-Burke 2001).

monoteïstiese dogma ontwikkel van God as drie maar een. Op grond van die Platoniese (Plato c 427- 347 vC) metafisika is die onderskeiding tussen “mens-agtig” en “God-agtig” gemaak. Naas die ontologiese (“van bo”) Christologie is daar ook ’n funksionele (“van onder”) perspektief op Jesus en ’n sosiale visie (“van die kant af”) wat na vore gekom het. Kritiese navorsers is oortuig dat die ontologiese perspektief op Jesus nie in die Nuwe Testament te vinde is nie (kyk o a Marshall [1976] 1990:11-31; Brown 1994:6-15; Dunn 1994:437-452). Die funksionele perspektief op Jesus beklemtoon daardie woorde en dade van die “voor-Pase Jesus” wat in die na-Pase periode aanleiding gegee het tot die verhewe titels wat deur die vroegste Christene aan Jesus toegeskryf is (kyk o a Balz 1967; Hahn 1974:11-77). Vanuit die perspektief “van die kant af” word die vraag gevra hoe Jesus na alle waarskynlikheid deur die mense rondom Jesus ervaar en beskou sou gewees het. Daarom speel ’n vergelykende literêre studie, met die inagneming van die sosio-historiese konteks en sosio-psigologiese oortuigings, ’n belangrike plek in hierdie tipe ondersoek.

Beide die ontologiese en funksionele perspektiewe is ingebed in óf dogmaties-konfessionele kwessies oor die godheid van Jesus óf die uitwys van parallels in die Gnostiek. In hoofstuk 4 sal daar afsonderlik ingegaan word op die raakpunte, al dan nie, tussen die *KindEvTom* en enersyds die vroeë ortodokse Christendom en andersyds die vroeë gnostiese Christendom. Die studie neem kontemporêre literatuur in ag, asook sosio-historiese en sosio-psigologiese belange wat moontlik ’n rol kon speel. Deur die gebruik van die *KindEvTom* in die werke van die kerkvaders te identifiseer kan die verwantskap tussen hierdie kindheidsevangelie en beide die “Gnostiese” en “Ortodokse” vroeë Christendom ondersoek word. Die kritiese opmerkings deur kerkvaders soos Irenaeus en Epiphanius dui duidelik daarop dat die *KindEvTom* nie as deel van die “Ortodokse” vroeë Christendom gereken is nie. Die vraag wat ondersoek sal moet word, is of hierdie kritiek op ’n “Gnostiese” agtergrond dui waarteen die *KindEvTom* geïnterpreteer behoort te word. Hierdie moontlikheid word ondersoek deur die Ebionitiese vroeë Christendom as nog ’n verdere opsie in ag te neem. Die resultaat van die ondersoek is dat die godsdienshistoriese konteks waarin *KindEvTom* geskryf is, inderdaad gesien kan word as die vroeë Ebionitiese Christendom. In hoofstuk 4 word die tyd, plek en doel van skrywe van die *KindEvTom* in terme van hierdie konteks verduidelik.

Die oorsprong van die naam “Ebioniete” is nie heeltemal duidelik nie (kyk Jones 1990:287-288). Tertullianus en Hippolitus het gemeen dat ’n persoon met die

naam Ebion die “stigter” van ’n faksie Christene was wat die naam “Ebioniete” begin kry het. Irenaeus en Origenes se terugvoer van die naam “Ebioniete” na “armes” is egter meer waarskynlik. Die apostel Paulus se verwysing na “arm” Judeërs in Galasiërs 2:10 en Romeine 15:26 kon meegebring het dat die vroegste groep “Christene” in Jerusalem (kyk Van Aarde 2004d:711-738) na die vernietiging van Jerusalem deur die Romeine in 70 nC in sekere streke as “Ebioniete” begin bekendstaan het. Hierdie Jerusalemse groep het reeds voor 70 nC uit Jerusalem pad gegee, maar ’n noue verbintenis met Jerusalem en die familie van Jesus behou. Jakobus die broer van Jesus was juis die leier van die Jerusalemse groep (vgl Hand 15:13-21; Gal 2:19). Die Hebreeuse woord vir “arme” is *ebjōn* (עֲבִיּוֹן) (kyk Koehler & Baumgartner 1994-2000).

Volgens Irenaeus (kyk Jones 1990:287) was die “Ebioniete” (net soos die leiers van die eerste groep Christene in Jerusalem – vgl Gal 2:1-14) anti-Paulus as gevolg van onder andere sy kritiese perspektief op die soteriologiese funksie van die wet. Aan die ander kant is die Evangelie van Matteus deur die “Ebioniete” hoog gewaardeer op grond van die beklemtoning van die soteriologiese waarde van die wet deur Matteus (kyk onder andere Matt 5:17-20). Ook was Jerusalem en die sentrale plek wat die Tempel in die stad ingeneem het, vir die “Ebioniete” belangrik. Die Israelse leefwyse is ook volledig gehandhaaf.

Die belangrikste kenmerk van hierdie groep vroeë Christene was die besondere hoë waarde – met soteriologiese implikasies – wat hulle geplaas het op die verbintenis van Jesus met sy biologiese familie en met Israel as uitgebreide familie. Daarom is dit te verstane dat daar variasies in die vroeg-Christelike literatuur bestaan oor wat die “Ebioniete” se houding was oor die maagdelike verwekking van Jesus. Dit is egter veral die aspek van wetsonderhouding en die verbintenis met “Israel na die vlees” wat hulle van groepe met “gnostiese” oriëntering onderskei het (kyk verder bespreking en kommentaar in hoofstukke 2 en 4 van hierdie studie).

Vanuit die perspektief van die studie van kontemporêre Hellenisties-Semitiese en Grieks-Romeinse literatuur is daar ook ’n volgende kernvraag – benewens dié van konteks – rakende die interpretasie van die *KindEvTom*. Dit is naamlik die vraag of die outeur van die *KindEvTom* geïnspireer was deur mites oor hoe gode, heersers en filosowe as kinders wonderwerke verrig het. Hierdie studie soek na ’n antwoord deur die *KindEvTom* te interpreteer as verteenwoordigend van die mite van die god-kind.

Vanuit 'n sosio-historiese en sosiaal-psigologiese perspektief trek hierdie interpretasie 'n lyn deur na die ooreenkoms tussen wat van kinders verwag is in die antieke Mediterreense samelewing en daardie samelewing se herinneringe aan “kindheid-stories”. Deur middel van hierdie stories beeld die skrywer/samesteller van die *KindEvTom* die god-kind Jesus as volledig mens uit.

### 1.3

## Navorsingsplan

Die ondersoek bestaan uit ses dele, die inleiding uitgesluit. Die doel van hoofstuk 2 is om bestaande navorsing oor die teksproduksie en –reproduksie van die *KindEvTom* te beskryf. In hoofstuk 3 word daar 'n Afrikaanse vertaling van die geïdentifiseerde outentieke teksgetuieenis aangebied. Die bedoeling van hoofstuk 4 is om 'n waarskynlike tyd, plek en doel van die skrywe van die *KindEvTom* te beredeneer teen die moontlike agtergronde van óf die vroeë “Gnostiese” Christendom óf die vroeë “Ebionitiese” Christendom. Laasgenoemde is die keuse van hierdie studie. In hoofstuk 5 word daar ingegaan op die vraag oor die genre van die *KindEvTom*. Die bepaling van genre bepaal die aard van die hermeneutiese invalshoek van waaruit 'n teks verklaar behoort te word. Indien die geskrif 'n parabel sou wees, sal eksegetiese gelei word deur vrae oor metaforiek. As dit as historiografie sou kan deurgaen, kan die eksegetiese fokus op die narratiewe kenmerke van antieke historiese biografie. Soortgelyke narratologiese vrae sal aan die orde kom as die *KindEvTom* as 'n “sage” getipeer kan word, behalwe dat die mitiese aard van die historiese verhaal ook 'n rol in die eksegetiese sal begin speel. In hoofstuk 5 word daar geargumenteer dat die *KindEvTom* 'n “mite” is in die vorm van 'n bepaalde “evangelie-tipe”, te wete die “biografies-diskursiewe” evangelie. Daar sal ook aangetoon word dat daar in die verlede pogings was om die *KindEvTom* *allegories* te verklaar. Teenoor “allegories” is “tautologies” 'n ander hermeneutiese moontlikheid. In die lig van die bespreking van mite-teorie in hoofstuk 5 word daar in hoofstuk 6 oorgegaan om die *KindEvTom* eerder tautologies-hermeneuties te verklaar. Die hoogtepunt van hierdie studie, wat die doel van die skrywe van die *KindEvTom* betref, is om 'n sosiaal-psigologiese

verklaring te bied van die *KindEvTom* as 'n heroïese mite van die god-kind Jesus. Hierdie bevinding van die studie word in hoofstuk 6 aangebied teen die agtergrond van eerstens 'n teorie van mite, tweedens 'n hermeneutiek van mite en derdens 'n beskrywing van die resultate van die ondersoek na die raakpunte tussen die wonderwerke wat deur die jong Jesus verrig is in die *KindEvTom* en sy karakterisering as god-kind. Hierdie bevinding fokus op die *crux interpretum* oor die motief waarom die *KindEvTom* se jong Jesus uitgebeeld is asof hy 'n volwassene is. Die ondersoek in hoofstuk 6 word metodologies gelei deur bepaalde sosiaal-wetenskaplike aannames. Hoofstuk 7 dien as resumé wat lei tot die daarstel van 'n "oop-einde" en die uitdaging aan die leser om op 'n nie-afwysende, maar positiewe wyse by die plot van hierdie kindheidsevangelie oor die heroïese daade van die god-kind betrokke te raak. Die literatuurverwysingslys word in hoofstuk 8 gebied en 'n Engelse opsomming met 'n aantal sleutel terme ten slotte in hoofstuk 9.